Verlange

G. J. Du Preez 072 1876 076

1249.

Verlang na ‘n geliefde.

O VADER waarom bly ons so verlang na ons geliefdes? Waarom bly die herinnerings ons so knaag aan ons siel? Hoekom voel dit so ongeneeslik? Daar is so baie vrae oor ons seer o VADER wat onverpoosd voor woeker in ons binneste. Graag wil ons, ons verlange deel met andere, maar dit is asof hulle dit nie regtig wil hoor nie. Hulle luister na ons soeke, maar dit is so oppervlakkig. Ons harte bloei en niemand kan dit werklik stop nie, want dit is ‘n ongeneeslike wond. Soekend bly ons soek na troos, maar met die wete dat ons nooit weer kan vind wat ons gehad het nie. Dit breek en skeur hier binne ons. Ons bloei uit en voel dat daar nie meer iets is wat die uitvloei van ons lewe keer nie. Verewig en vir altyd op hierdie aarde kan ons, ons geliefde nie weer terug kry nie. Verewig is hulle weg. Almal troos met woorde. Hulle praat asof hulle die antwoord het, maar min wetens is hulle woorde net uitgedink té en self opgemaakte illusies. Hoeveel keer probeer ons die lyding aanvaar, maar met min sukses. Baie keer vra ons o VADER, waarom moet ons as mens die pad stap? Is dit deel van ‘n lering?

Oral waar ons gaan, gaan ons verlange na ons geliefde saam met ons. Elke vertrek of plek wat ons betree is ons soekend waar hulle is. Elke laai of kas wat ons oopmaak bring herinneringe. Een van die swaarste van ‘n dag is wanneer ons bed toe gaan. Die plekkie in die bed was vir ons warm gehou. Met gebed wanneer ons op ons knieë verkeer, om met U in gebed te gaan, het ons geliefde hul hand gegee om aan vas te hou. Ons het so baie saam gedoen o VADER, en daarom maal al die soort van herinneringe binne ons. Daar is nie eendag wat ons trane stort oor ons geliefdes nie.

Ja VADER ons mis hulle baie en daarom wil ons dit met U deel, en so ook onder mekaar deel, dat ons ook ons kan voor-bery vir die dag wat niemand vry kan spring nie.

Met troos verbly ons onsself dat ons geliefdes veilig in U voorbereide beskermings oord is. Daar waar dié is wat die wit klere ontvang. Waar kristal, vryvloeiend drink water vloei. Waar al ons geliefdes in eenheid U loof en prys. Niks steur hulle meer, want U vertroos hulle; Ja U stok en U staf vertroos hulle.

.....

Baie dankie o VADER vir die voorreg om te kan verlang. Baie dankie o VADER vir die geliefdes in die lewe. Party is reeds weg van ons na die hiernamaals en sekerlik sal daar nog baie volg, waarvan ons elk deel daarvan uitmaak. Met troos kan ons noem dat nie een van ons geliefdes deur Ha satan of sy magte gedood was nie. U het die duister geen mag of toegang gegun om die mens te dood nie. hulle is weerhou en verjaag weg van die mens. Daarom het U ons gewaarsku om van hulle weg te bly, want sodra ons hulle nader en innooi sal ons verpes word deur hulle.

Elke spel, verkeerde musiek of oproep van geeste word deure oop gemaak vir die duistere. Oor die jare het baie gefaal en nie na U waarskuwings geluister nie, en daarom die veld duiwels. Daarom die manifestasies wat die mens so treiter. Nogtans het hulle nie die mag om die mens te dood nie. hulle sal wel die mens verpes met allerhande versoekinge en spel, maar om fisies dood te slaan, die mag hulle nie. hulle gebruik en misbruik siektes om die mens te laat ly waarvan U o VADER intree om te laat lewe of te neem deur U doods boodskapper om te kom haal om ons te neem na die wagkamer wat U reeds vir ons vóór bery het.
Soos U dit stel in: *Jer. 45:4 … So spreek YAHUAH: Kyk, wat Ek gebou het, breek Ek self af; en wat Ek geplant het, ruk Ek self uit; en dit betref die hele aarde. Deut. 32:39 Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie; Ek maak dood en maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees; en daar is niemand wat uit my hand red nie. Jes. 43:13 Ook van vandag af is Ek dit, en niemand red uit my hand nie; Ek werk, en wie kan dit keer?*
Daarom sê die mens: *Hos. 6:1 Kom en laat ons terugkeer tot YAHUAH; want Hy het verskeur en sal ons genees, Hy het geslaan en sal ons verbind*
YAHUSHA stel dit ook duidelik in: *Joh. 10:18 Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van My VADER ontvang.*

……

Met die boonste pleidooi moet ons nou, as mens, teenoor sy geliefdes wat tans saam met jou leef en beef mooi wees. Daar moet gekyk word dat daar altyd gebou word aan bande van ewigheid. Herinneringe se fondament lê in gister en eergister. Gee vandag drukkies en soentjies sodat môre daarop gebou kan word. Elke dag bring nuwe geleenthede waarvan jy jou geliefdes kan bederf. Doen uitstappies, koop blomme, koop iets klein en saaklik wat herinneringe op gebou kan word. Groet mekaar hartlik met aankoms en vertrek. Wek altyd ‘n begeerte by mekaar om meermaal ‘n samesyn te wil hê. Die dag as jou geliefde sterf is dit baie swaar en genees nie maklik nie, maar terugdink (*herinnering*) gaan dadelik inskop. Jy gaan dadelik dink aan daardie dae wat reeds gebou was van gister en eergister. Soete herinneringe bring berusting en aanvaarding na vore; Was daar nie daardie herinneringe nie sal spyt en te laat intree, wat ‘n permanente seer na vore bring. Nooi sal jy dit kan regmaak nie. Dus moet nooit wag om reg te maak met jou geliefdes nie. Moenie wag vir die dag van môre om mekaar te vergewe of mooi te wil wees nie. Waarom kwaad gaan slaap? Maak die saak uit, want môre is dalk te laat (*Spyt kom mos altyd te laat*).
1Pet. 5:14 Groet mekaar met ‘n kus van liefde. (sê) Vrede vir julle almal wat in dié Gesalfde YAHUSHA is! Amein.
Omhels mekaar en voeg die seën en vrede aan mekaar wat staan in :
Num.6:24-27 ; Gen.27:26; 48:10; Luk.15:20 Bedink dit